# Ons is... Saamwees: Makliker gesê as gedaan

## Ons is... Buitemense

Koos van der Merwe | Eden Gemeente | 30 Augustus 2026

So elke nou en dan móét ek net my oudste klere aantrek en 'n dag of twee gaan kap en karring in die motorhuis. Dinge moet reggepak en reggemaak word. En wanneer ek iets gemaak het, of reggemaak het, ek weet nie of alle mense dit doen nie, maar ek gaan die hele dag, selfs langer, elke nou en dan terug om te kyk na my handewerk. Om die waarheid te sê, ek hou meer daarvan om iets reg te maak as om 'n nuwe ding te kry. Die gevoel dat ek, met hierdie hande, met hierdie kop, moes dink en doen en kap en gom en planne maak, dikwels met goetertjies wat ek al baie lank gebêre het vir die dag as ek dit dalk mag nodig kry, en kyk nou hier, hier is 'n ding wat ek nie weggegooi het nie (want dit is iets wat ek baie moeilik doen) … die gevoel wanneer jy iets gemaak het of reggemaak het. Iets was stukkend, nou is dit reg. Iets wasOf iets was lelik, nou is dit mooi …

Ek dink ons het daardie gevoel ge-erf by God self. Ná elke nuwe deel van die skepping klaar is, vertel Genesis 1, staan God terug, bekyk wat Hy gemaak het, en sê, "Dit is goed."

Die Hebreeuse woord, *towb,* is 'n woord wat baie betekenismoontlikhede het:

**טוב—*towb***: good, merry, fair, precious, beautiful, pleasant, agreeable, agreeable (to the senses), admirable …

God is 'n Maker. Hy maak dinge,, gee aandag aan verwaarloosde dinge, en Hy maak dinge mooi. Hy orden chaotiese dinge, maak stukkende dinge reg, en goed, mooi, pleasant …

Jou tuin, jou huis, kuns, klere, musiek … 'n Mens wil dinge mooimaak, skoonmaak, regmaak, goed maak, aan die kant maak. Om maar net vrede te maak met 'n deurmekaar, lelike plek is tragies. 'n Mens het God se beeld in jou, jy wil dinge georden en mooi hê, en om aan te leer om daarsonder klaar te kom, sonder orde en skoonheid, wyk af van ware menswees.

Waarvoor is jy op hierdie aarde? Waarvoor is jy gebore? Jy is gebore om mooi te maak. Dis jou doel in die lewe. Ons almal se doel. Ons roeping. Om die chaos aan te pak, en reg te pak en mooi te maak en heel te maak wat stukkend is.

En dis waaroor ons vandag praat. Om na alles en almal óm my te kyk, en te weet ek is geroep om my klein deeltjie te doen dat die wêreld 'n mooier plek sal wees.

Want dit is wat God doen.

En dit is waarmee bekering te doen het. Wanneer ek bewus word van die lelik in *my*, dit waarvan God nie kan sê, "En dit was goed" nie, en ek God vra om te kom skoonmaak, regmaak, heelmaak, mooimaak.

Elkeen wat so aan God oorgee meld nie net aan dat God *in* jou kom werk nie, maar ook *deur* jou. Van dag een af word elkeen wat aan Christus oorgee betrek, deelgemaak van dit waarmee God besig is in hierdie wêreld.

**Efésiërs 2:10**

Want ons is sy maaksel, (handiwork, workmanship) geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel. (OV)

God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het. (NV)

He creates each of us by Christ Jesus to join him in the work he does (Mes)

Ons is sy maaksel … dit verwys nie na die skepping nie, maar na ons herskepping as ons aan Christus oorgee … ek word oor gemaak, sy nuwe maaksel … sy handewerk … Kommentare en woordeboeke praat só oor die Griekse woord:

**ποίημα—*poiēma***: van die werkwoord poieō (om te doen/te maak). In die Griekse wêreld was 'n poiēma die resultaat van die werk van 'n poiētēs ('n maker, vakman of digter).

- Handewerk (Workmanship)—hand-gemaakte werk van 'n vakman,
- Kunswerk (Meestersuk)—iets wat uniek is en waarde het. 'n Kunswerk is daar om bewonder te word—nie ter wille van die kunswerk self nie, maar ter wille van die Kunstenaar.
- Gedig—Hoewel dit dalk tegnies breër as net 'n gedig was, kan 'n mens sê dat God se "poësie" in jou lewe sigbaar word. Daar is 'n bedoeling, 'n vloei en 'n skoonheid in hoe Hy jou vorm, selfs deur die moeilike strofes van die lewe.

Volgelingskap is om God toe te laat om my mooi te maak, deur my toewyding, my aanhoudende buig en oorgee, my geestelike gewoontes, my stilword, leer, my gesprek met God, my pad saam met ander. Hy werk in my, in my vreugdes, in my suksesse, in my mislukkings, in my pyn, in my hartseer en swaarkry. Lewenslank vorm Hy my karakter om meer soos Jesus te lyk. En Hy maak my mooi, nie vir 'n vertoonkas nie, maar om my te betrek in sy mooimaak van die wêreld.

Wanneer 'n mens begin besef dat jy 'n kunswerk in wording is, en 'n instrument wat gebruik moet word, kan jy nie bloot *oorleef* nie, jy leef as 'n geroepene en 'n gestuurde met 'n opdrag.

En vandag, nes verlede week, kyk ons weer na 'n checklist. Verlede week het ons ondersoek gedoen na ons binnekringverhoudings, Hierdie gaan ons checklist oor hoe ons ook *Buitemense* is, mense wat na buite kyk, na die wêreld en die mense om my, wat nie noodwendig in my binnekring is nie, met die wete dat die Here my wil gebruik om dit 'n mooier plek te maak.

## **Item 1 op die *Checklist*: Die Agenda-toets**

Vir ’n mens wat deur God geroep is, en dit beteken *elke gelowige,* bestaan daar nie meer iets soos ’n "eie agenda" nie. Elke dag is ’n 24 uur sending.

Om soos God na die wêreld te kyk maak dat daar vir my nie iets is soos my sekulêre werk of lewe en my geestelike lewe nie. Alles is syne.

**1 Korintiërs 10:31**

Of julle dan eet of drink of wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God.

Van die mees alledaagse dinge wat jy doen: Om te eet. Om te drink. Paulus sê selfs dit moet binne God se agenda pas. As dit waar is van iets so basies soos ’n maaltyd, hoeveel te meer is dit nie waar van jou werk, jou gesprekke en jou planne nie?

**Kolossense 3:17**

En wat julle ook al sê of doen, sê en doen dit alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom.

Om iets "in die Naam van die Here Jesus" te doen, beteken om as sy verteenwoordiger, ’n geroepene, ’n aangestelde, op te tree. Om as sy verteenwoordiger ’n e-pos te skryf, ’n transaksie te beklink, jou kinders skool toe te ry. Om in alles wat jy doen iets van God self te laat deurskemer, sy eerlikheid, sy liefde, sy deeglikheid, sy genade.

Om besig te wees met God se agenda maak dat ek geen oomblik as onbenullig kan beskou nie. Elke uur van my dag is ’n geleentheid vir God se mooimaakwerk in my en deur my. My werkplek, my huis ... alles is deel van sy agenda.

Ons ontsnap nie van ons gewone lewe om ’n geroepe lewe na te jaag nie. Nee, om geroep te wees is om die ongewone te begin sien in die gewone van alles waarmee ek besig is. Om te sien daar is niks in my lewe wat klein is nie. En so begin ek God ken, raaksien, in my eie behoeftes en stryd, en in my dagtaak, ook my eie belangstellings, dit wat ek geniet—my tuin, my musiek, jag en visvang. En in elke ding begin ek die avontuur sien van wat Hy daarmee wil doen. Hoe Hy vir my daarin wil voorsien. Hoe Hy my ook wil vorm. Hy sal my bewus begin maak, van my selfsug, van my ongedissiplineerdheid. Hoe Hy my wil vorm e laat groei. In elke ding wil God hê ek moet begin ervaar Hy werk met my, en deur my. Want ander mense is betrokke in byna elke ding waarmee ’n mens besig is. My eie lewe is waarheen God my roep en stuur.

Dis *daar,* in my eie lewe, my eie dae,my eie agenda, waar ek God se agenda ontdek. Geen engel hoef aan my te verskyn en my spesiaal te roep om byvoorbeeld in ’n gewone dag, eerlik te wees nie, of in mense belang te stel nie, om te gee nie, deeglik te wees nie, ander op te bou nie, vriendelik te wees nie ...

Om so na jou eie lewe te kyk maak dat jy nie vasval in die baie effektiewe misleiding van die

Bose nie. Wat hy wil doen is juis om jou aan die woord roeping te aat dink as iets weg van jou gewone lewe af, om jou gewone lewe te probeer skei van jou geroepe lewe. Want dan kan jy voel dis onmoontlik om buiten alles wat jou eie lewe van jou vereis, nog bonop ook te moet dink hoe jy nou nog vir die Here ook moet werk. Jou eie lewe is so vol, hoe op aarde moet jy nou nog probeer 'n roeping uitleef ...

God roep jou na jou eie lewe toe. Om te ontdek sy agenda lê binne in joune.

Dit is die begin van die pad vir die "buitemens". Om te begin ervaar God wil binne in *my* agenda *sy* agenda uit te leef. My lewe word sy lewe. Dis 'n nuwe lewe as ek begin soek na sy groot plan in my klein plannetjies. Dan word elke dag 'n heilige opdrag.

Die ongelooflike nuus is dat Hy kies om jou – sy kunswerk – te gebruik *in* jou eie lewe. Dit bring sin in jou lewe, jou dae. Sin is nie elders nie. Die groot kunstenaar vorm sy kuns in jou huis, kantoor, inkopies. Hy help jou met die uitdagings in jou dag en Hy gaan saam met na jou vergaderings toe, na die winkels toe. Na die kuier toe. Hy ontmoet deur jou met die mense in jou dag.

Wanneer 'n mens begin besef dat God se agenda binne-in jou eie agenda lê, dat jou lewe sy lewe geword het, kom jy by 'n punt waar jy noodwendig anders as die omgewing begin lyk.

Maar dan kry jy ook met uitdagings te doen. Want roeping gebeur nie in 'n vakuum nie; dit gebeur in 'n wêreld wat meestal vyandig is teenoor die waardes van God se koninkryk.

En dit bring ons by die tweede item op die kontrolelys vir die lewe as 'n "buitemens":

## Item 2 op die Checklist: Die Lig-toets

**Matteus 5:14-16**

Julle is die lig vir die wêreld... Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.

Lig is nie daar vir homself nie. 'n Kers brand nie sodat hy sy eie vlam kan bewonder nie. Lig bestaan uitsluitlik ter wille van dit wat donker is. Maar die duisternis hou nie van die lig nie. Die Lig-toets vra of jy bereid is om in die duisternis te skyn, selfs wanneer die duisternis jou probeer uitdoof, vervolg of versoek om te kompromitteer.

**Markus 8:38**

Wie hom dan vir My en my woorde skaam in hierdie owerspelige en sondige geslag, vir hom sal die Seun van die mens Hom ook skaam wanneer Hy kom in die heerlikheid van sy Vader saam met die heilige engele.

Petrus skryf aan mense wat vervlog word, en sê ...

**1 Petrus 3:15**

Wees altyd gereed om ’n antwoord te gee aan elkeen wat van julle ’n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe.

Om bereid te wees om te sê wat jy glo al sou mense jou dan wil benadeel daaroor. Die Lig-toets. Die bereidwilligheid om anders te wees wanneer dit jou iets kos.

**Romeine 12:2**

... moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie ...

Die wêreld het ’n manier om ’n mens te probeer vorm na sy eie beeld.

Daniël en sy vriende was tieners, dalk tussen vyftien en sewentien jaar oud, toe hulle gevange geneem en weggevoer is na ’n vreemde land, meer as duisend kilometer weg van alles wat vir hulle bekend en heilig was.

En Koning Nebukadnésar van Babilon was slinks en slim. Sy manier om lojale werkers te kry, was om mense om mense te laat insluk deur die kultuur van Babilon. En hy het vier baie spesifieke metodes gebruik wat vandag nog presies dieselfde werk in ’n mens se lewe. Om die Lig-toets te slaag, moet jy hierdie vier strategieë verstaan.

- **Isolasie**

Eerstens isoleer Nebukadnésar hierdie jong seuns. Vat hulle weg van hulle land, hulle ouerhuise, die tempel en die Skrifte. Isolasie. Om as gelowige te voel jy is alleen. Is dit die moeite werd? Almal dink anders as ek. En jy is kwesbaar. Jy voel dalk so by jou werk of in jou sosiale kring – soos die enigste een wat nog glo, die enigste een wat nog integriteit probeer handhaaf. Die ligtoets vra dat jy bereid sal wees om alleen te staan.

- **Indoktrinasie**

Tweedens indoktrineer Nebukadnésar Daniël en sy vriende. Dwing hulle om die taal en die literatuur van die Chaldeërs te leer. Om hulle wêreldbeskouing moes te verander en die lewe te begin sien soos Babiloniërs dit sien. Hulle moes leer van fortuinvertellery en hoe om tekens in die natuur te lees.

Indoktrinasie. Vandag se media, universiteite, selfs kerke, is deurtrek van ateïstiese oortuigings met die doel om ’n jong verstand te herprogrammeer. Skepties te maak oor die Skrif. Te vul met sekulêre idees. ’n Aanslag op hoe ’n mens dink. Die Lig-toets: Wat vorm my diepste idees oor God, die lewe, moraliteit?

- **Gratifikasie**

Derdens probeer Nebukadnésar Daniël en sy vriende trakteer. In di emooiste stad van die bekende wêreld, in luukse kwartiere, wil hy vir hulle die beste kos en die beste wyn van sy eie

tafel gegee. Hulle moes voel Babilon is beter as Jerusalem. Babilon is lekkerder. Die gratifikasie van Babilon se genot, prag, glans en rykdom.

Dis wat die blink en die lekker aan 'n mens kan doen. Dit laat jou dink: "Miskien is alles wat ek geleer het van opoffering en heiligheid nie die moeite werd nie. Kyk hoe goed gaan dit met die mense wat God nie ken nie." Die opwinding van die wêreld is dikwels die grootste versoeking om die lig dood te blaas en saam te eet aan die koning se tafel.

- **Integrasie**

Vierdens probeer Nebukadnésar Daniël en sy vriende integreer. Daniël se naam het beteken "God is my Regter", maar dit word verander na Béltsasar: "Mag Bel ('n afgod) die koning beskerm." Hulle wou sy identiteit verander. Hulle wou hê hy moes homself nie meer as 'n kind van die Here sien nie, maar as 'n dienaar van Babilon se afgode. Wat bepaal my identiteit? Waaraan is ek in my diepste wese lojaal?

**Daniël 1:8**

Daniël het hom voorgeneem (determined in his heart) om hom nie te verontreinig met die spys van die koning of met die wyn wat hy gedrink het nie.

Daniël het in sy hart 'n vaste besluit geneem. Hierdie diep, ononderhandelbare besluit het Daniël se hele toekoms bepaal. Hy het gesê: "Laat hulle my die taal leer, laat hulle my van hulle wetenskap vertel, maar hier trek ek die streep. Ek sal my nie verontreinig nie." Daniël het geweet dat die kos op die koning se tafel eers aan afgode gewy is. Om daarvan te eet, was vir hom 'n daad van aanbidding aan Babilon se gode. Hy het geweet dat as hy hier sou kompromitteer, sy lig sou doof.

Ons almal kom by sulke kruispaaie. Daar waar ons onsself kan bevoordeel deur te kompromitteer.

- Is daar vandag iets in jou lewe wat jou "verontreinig" – iets wat jou lig dof maak?
- Is daar 'n vaste besluit wat jy moet neem?
- Is jy bereid om anders te wees, selfs al dink almal om jou jy is onrealisties en fanaties, en verwerp of verkleineer jou

Daniël het geen kompromie aangegaan nie, maar God het hom guns gegee by die mense in gesag. Hy het vir hom wysheid gegee, en God het vir hom invloed gegee. Vir sewentig jaar, het hy 'n leiersposisie onder vier verskillende konings.

**2 Kronieke 16:9**

... die HERE—sy oë deurloop die hele aarde om diegene kragtig te steun wie se hart onverdeeld op Hom gerig is

God is besig om sy mooimaakwerk in jou te doen, juis sodat jy in die donkerte kan skyn. Die wêreld wag om te sien of daar nog mense is soos Daniël – mense wat weet aan wie hulle behoort en wat bereid is om die lig te wees, tydig en ontydig, tot eer van die Kunstenaar wat hulle gemaak het.

En dan is daar ...

**Item 3 op die Checklist: Die Eienaar-toets**

Die eenvoudige vraag: Wie besit jóú, jou lewe?

Roeping druis in teen ons konsep van eienaarskap. Ons praat van my huis, my kar, mý beleggings, mý talente en mý sukses. Selfs in die kerk praat ons dikwels oor "my bediening".

Maar die oomblik as jy bely dat Jesus Christus die Here is, teken jy die titelaktes van jou hele lewe oor aan Hom. Jy is nie meer die eienaar nie; jy is die bestuurder. En jy leef met ’n voortdurende ingesteldheid: "Here, wat wil U hê moet ek doen met dit wat U in my hand geplaas het?”

**Jou talente en vermoëns** is daar sodat God se mooimaakwerk deur jou hande kan gebeur. In hoe jou eie lewe lyk en in hoe jy maak met ander mense.

**Jou beursie**

**1 Timoteus 6:17-19**

Die wat in hierdie wêreld ryk is, moet jy waarsku om nie hoogmoedig te wees nie. Hulle moet hulle hoop nie op rykdom vestig nie, want dit is onseker, maar op God... Spoor hulle aan om goed te doen, om ryk te wees in goeie dade, vrygewig en mededeelsaam.

In vergelyking met die res van die wêreld, is die meeste van ons wat vandag hier sit, "ryk". Hoe reflekteer my begroting my roeping?

**Jou liggaam**

**1 Korintiërs 6:19-20**

Of besef julle nie dat julle liggaam ’n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het Hom van God ontvang, en Hy woon in julle. Julle behoort nie aan julleself nie: julle is teen ’n duur prys gekoop. Gebruik julle liggaam dan tot eer van God.

**Romeine 12:1**

Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as ’n lewende, heilige en aan God welgevallige offer—dit is julle redelike godsdiens.

Wat ’n konsep. Die liggaam, ’n tempel. En nie my besitting nie maar God s’n. ’n tempel, en ook ’n offer. Offers in die tempel moes doodgemaak word. Hierdie offer moet lewendig bly. Om ’n “God welgevallige offer” te wees. Welgevallig? Dink daaraan, dat hoe ek met my liggaam maak

God bly, geval Hom, gee Hom genoegdoening. Om God te hoor sê “Ek hou van wat jy doen met jou liggaam.”

En so gaan ek vanaf ontmoetings met God, waar my liggaam dalk kniel, waar my stem praat, waar my brein ingespan word, waar my oë lees, my ore luister, waar my hande soms opgehef word … en hierdie liggaam is tot sy diens. In hoe ek self met my liggaam maak, die doop, die nagmaal, en ook uit ’n gesondheidsoogpunt, uit ’n morele oogpunt en uit ’n verhoudingsoogpunt. Hoe ek na mense kyk, luister. Hoe ek teenwoordig is. Fisies. Daar is. Die mooi Engelse uitdrukking: *the ministry of presence* …

Om die mooiheid te laat gedy, deur mooi te wees. In my kyk, my aandag, my my glimlag, my empatie en trane. My liggaam wat deur God besit word en gestuur word en gebruik word. My liggaam …

Want die Een wat my begin mooi maak het, heel maak het, skoon maak het, het sy liggaam gegee. Dis waarvan hierdie brood en wyn praat.

En as ons die brood eet en die wyn drink, sê Paulus, moet ons onsself ondersoek.

Dalk kan ons voor die nagmaal met die Here praat oor vandag se *checklist*:

**Die Agenda-toets**

O Here, hier is my agenda. Ek hoor vandag hoe U my roep, nie weg van my lewe af nie, maar binne in my lewe in; om oral in my gewone dae bewus te raak van u buitengewone nabyheid. U agenda binne in my agenda.

**Die Lig-toets**

Heer, help my om soos ’n lig in die donker te leef. Te midde van ’n kultuur waar ek isolasie beleef, indoktrinasie, die versoekings van gratifikasie, en integrasie. Ek kies U bo al die idees, gewoontes en aanloklikhede om my.

**Die Eienaar-toets**

Help my om te leef met die wete dat niks van my aan myself behoort nie. Nie my tyd, my gawes, my geld of my liggaam nie. Alles van my behoort aan U. Maak U my heel en mooi. En mag ek deel wees van hoe U dinge om my heel maak en mooi maak.

Wat ’n lewe. Kom ons gee onsself weer oor aan Hom wat Homself vir ons gegee het.